# OP WEG NA 'N CHRISTELIKE OPVOEDINGSFILOSOFIE?

Wie oor die onderwys – in die besonder die Christelike onderwys – skryf kan daarop reken dat hy die belangstelling van die Afrikaner sal geniet. Dit is die geval met die boek van prof. C. F. G. Gunter: „Opvoedingsfilosofieë. Op weg na 'n Christelike opvoedingsfilosofie". Veral die subtitel het groot verwagtings gewek — verwagtings wat deur die vleiende resensies van twee Transvaalse opvoedkundiges verhoog is.[1])

In sy resensie verklaar prof. O. C. Erasmus dat prof. Gunter nie vanuit 'n bepaalde dogmatiese of kerkistiese standpunt redeneer nie maar hy „laat die groot Christelike waarhede spreek wat aanvaarbaar behoort te wees vir elkeen in Suid-Afrika wat hierdie waarhede bely." Dit rym egter nie met wat die skrywer self i.v.m. sy metode sê nie, bladsy 28. Daar verklaar die skrywer uitdruklik dat hy eers die hoofmomente in die opvoedkunde van elke „beskouingsrigting" krities uiteensit en daarna sy *eie* opvoedingsfilosofie in die laaste hoofstukke behandel en wel vanuit sy *partikuliere* standpunt. Uit hierdie partikuliere standpunt van prof. Gunter is dit egter duidelik dat die „groot Christelike waarhede" wat hy bely, gewis nie die van die meerderheid van ons volksgenote is nie. Daarbenewens word prof. Gunter se „groot Christelike waarhede" eksistensialisties gefundeer en is die produk van hierdie *sintese* sy „Christelik-eksistensiële opvoedingsfilosofie" waarvan daar in die genoemde resensies nie melding gemaak is nie.

Van die „groot Christelike waarhede" wat prof. Gunter sonder „eie" dogmatiese standpunt laat spreek, verdien sy beskouing oor die Skrif voorkeur. Hy verwerp die „Calvinistiese interpretasie" van die Skrif, want: „Die Skrif as die objektiewe Woord word geïdentifiseer met die geopenbaarde Waarheid, d.i. die Woord van God, en word dan as sodanig die absolute norm van al ons wêreldkennis, ook van die wetenskap" (bl. 429). In verband met die Skrif en die ewolusieteorie skryf prof. Gunter: „So word die wêreldbeeld van die dae van die Bybelse skrywers dan bestempel met die gesag van die goddelike openbaring. Die Bybelse skrywers sou dan die aprioriëe vir 'n Christelike wetenskap en 'n Christelike onderwys lewer, want wat hulle geskrywe het, die hele Skrif is in sy hele omvang en in al sy besonderhede in 'n gelyke graad geïnspireer en letterlik ingegee deur die Heilige Gees en is dus Gods openbaring.

---

1) Kyk die resensies van prof. C. K. Oberholzer: „Pedagogiekers dankbaar" en „Waardevolle toevoeging deur prof. Gunter" in „Die Transvaler" van 30 Januarie en die van prof. O. C. Erasmus in die „Onderwysblad" van 1 September 1961.

Op grond van die apriori wat bv. deur Moses gegee is, sou die idee van evolusie wat volgens die natuurwetenskap van vandag 'n feit is, onwaar en onmoontlik wees, omdat dit in stryd sou wees met die skeppingsverhaal soos vervat in Genesis 1. Die biologiese wetenskap en die onderwys daarvan, asook die onderwys van al die ander skoolvakke, moet dus sy apriori in die Skrif gaan haal. Die idee van evolusie moet in alle skoolhandboeke geweer en in alle wetenskaponderwys uitgeskakel of afgekraak word, want dit sou geheel en al in stryd met die Bybelwoord (d.i. die Waarheid) en volkome onversoenbaar met die idee van skepping wees" (bl. 429—430). Vir prof. Gunter is die Bybel dan ook „deur en deur *menslik*" (kursivering van Gunter) en ook nie die waarheid nie maar 'n *getuienis* van die Waarheid. Hier het ons dan enkele van die „groot Christelike Waarhede" van die „Christelik-eksistensiële opvoedingsfilosofie" van prof. Gunter. Laat elkeen vir homself oordeel of hierdie „waarhede" in ooreenstemming met die belydenis van ons Afrikaanse kerke is. Die vraag is of ons so 'n opvoedingsfilosofie met „buitengewone ingenomenheid en dankbaarheid" moet verwelkom (kyk die resensie van prof. Oberholzer). En moet die boek „buitengewoon sterk aanbeveel word by elke student in die opvoedkunde, by onderwysers, predikante en staatsmanne en elke belangstellende wat meer wil weet oor die fundamentele vraagstukke van ons opvoeding en onderwys?" (Kyk die resensie van prof. O. C. Erasmus).

Die spitsvondige en dubbelsinnige wyse waarop prof. Gunter oor die Skrif redeneer is egter nie nuut nie. Die etiese teologie (vgl. J. van Sluis: *De Etische Richting* en G. C. Berkhouwer: *Het probleem der Schriftkritiek*) het lank reeds ewe spitsvondig beweer dat die Bybel nie die Woord van God is nie, maar dat die Woord van God in die Bybel is. Daarna het die dialektiese teologie, ten spyte van sy reaksie teen die subjektiwisme van die etiese teologie, die standpunt gehandhaaf dat die Bybel nie die Woord van God is nie, maar (tipies volgens sy standpunt dat die Waarheid nie reglynig is nie) verklaar dat die Bybel van oomblik tot oomblik die Woord van God kan *word* (kyk G. C. van Niftrik: *Kleine Dogmatiek* en S. J. van der Walt: *Die Godsopenbaring in die teologie van Karl Barth*). Prof. Gunter se verering vir Kierkegaard (voorloper van die eksistensie-filosofie en dialektiese teologie), Loen, Brunner, Barth en Heim is dan ook opvallend (kyk o.a. bl. 353). In die lig van prof. Gunter se Skrifbeskouing is dit seker ook nie toevallig dat die radikale eksistensialistiese teoloog, Rudolf Bultman (oud-hoogleraar in die Nuwe Testament aan die Universiteit te Marburg) se boek: *Primitive Christianity* in die bibliografie vermeld word nie.

Let vervolgens daarop dat prof. Gunter sy opvoedingsfilosofie bestempel as 'n: Christelik-*eksistensiële* opvoedingsfilosofie. Nie net is die

Christelike grondslag van prof. Gunter se opvoedingsfilosofie van 'n bepaalde stempel (beslis vrysinnig) nie, maar dit is ook in die eksistensiefilosofie gefundeer (prof. Gunter wil nie praat van *die* eksistensie-filosofie nie, maar familie is nou eenmaal familie). Hierdie poging tot *sintese* van prof. Gunter se „groot Christelike waarhede" met die eksistensiefilosofie geskied in navolging van die filosoof Loen. (Prof. Oberholzer verklaar dat prof. Gunter noue aansluiting by Loen vind). Wat is Loen se standpunt? Van hom het prof. E. A. Venter geskryf: „In sy strewe om skriftuurlike denkbeelde te sintetiseer met die eksistensiefilosofie, het Loen o.i. alleen daarin geslaag om eersgenoemde grondig te vervals en van hul eg-Bybelse karakter te beroof". En verder: „Vir 'n man soos Jean-Paul Satre kan ek respek hê. Hy is 'n uitgesproke ateïs, en hy dien sy filosofie aan as ,'n humanisme. 'n leer om die lewe moontlik te maak'. Ek kan my tot 'n mate inleef in die intensiteit. die agonie van sy problematiek: hoe kan 'n ontwortelde mens wat alle bande van 'n oorgelewerde geloof en sedelikheid verbreek het. tog nog sinvol voortbestaan in 'n dolgeworde wêreld? Daarom kan Satre my innerlik aangryp en ontroer. Maar as 'n gelowige christen soos A. E. Loen dit nie verder bring as 'n slappe poging tot sintese tussen Christelike geloof en humanistiese filosofie nie, dan kan ek hom nie bewonder nie" (*Die Gereformeerde Vaandel*, Junie 1956, bl. 24). Wie Loen se *De vaste grond* gelees het sal beslis bevestig dat prof. Gunter by hom „noue aansluiting" gevind het.

Uit hierdie sintese tussen „Christelike" geloof en eksistensiefilosofie is die „Christelik eksistensiële denke" gebore (kyk bl. 353 en vir die besondere voortreflikhede van die denke veral bl. 463). En uit die Christelike eksistensiële denke weer die „Christelik eksistensiële opvoedingsfilosofie" van prof. Gunter. Hou ons hierdie sintese met die eksistensiefilosofie in gedagte dan is dit volkome duidelik waarom prof. Gunter so teen die *leer* of die *sisteem* te velde trek. Tipies van sy uitsprake is die volgende: „Want die Christendom is nie 'n leerstelling of beskouing nie, dog 'n bestaanswyse wat as sodanig slegs deur die lewe van die opvoeder self oorgedra kan word" (bl. 433). So 'n bewering, naamlik dat die Christendom *net* 'n bestaanswyse is, sonder 'n leer of 'n beskouing en dit *net* deur die *lewe* van die opvoeder oorgedra kan word, is onskriftuurlik. Volgens die *eksistensiële denke* moet daar nie vanuit 'n bepaalde beskouing of oortuiging nie, maar vanuit die houding van *openheid* en die *luisterhouding* gefilosofeer en opgevoed word (bl. 464). Helaas is hierdie *fenomenologiese* openheid (vgl. die fenomenologiese pedagogiek) vir alles en almal oop behalwe diegene wat ook in hulle wetenskapsbeoefening voor die gesag van die Skrif, ooreenkomstig ons Reformatoriese belydenisskrifte, buig. Dit moet in gedagte gehou word wanneer prof. Gunter verklaar dat sy opvoedingsfilosofie „nooit in enige mate" eensydig kan wees nie (bl. 463).

Vanuit die „Christelik-eksistensiële denke" en die „Christelik eksistensiële opvoedingsfilosofie" wat onmiskenbaar 'n *leer* of 'n *beskouing* is, word die tradisionele C.N.O.-beginsel verdoem omdat dit wêreld*beskoulik* is en bly en as sodanig nie daarin slaag om bo die skoue, d.i. bo die objektiewe uit te styg nie" (bl. 426). Dit beoog 'n opvoeding in die Ek-Dit verhouding en dit staan onder die tradisie en nie onder die gesag van die Woord wat „*gebeur*" nie[2]) (bl. 429). Volgens prof. Gunter is 'n Christelike opvoeding en 'n Christelike skool wel moontlik „maar dan alleen vanuit die hoor van die Woord" (bl. 427). Volgens die „Christelik eksistensiële opvoedingsfilosofie" is Christelike opvoeding „die opvoeder se bestaansantwoord op die Woord wat in die luisterhouding gehoor word; dit is 'n antwoord op die aanspraak wat in die beluistering van die Woord verneem word en aan die opvoeder 'n opdrag en 'n roeping gee' (bl. 427). Of hierdie omskrywing die leser enigsins help om 'n beter begrip te kry van wat die „Christelik eksistensiële opvoedingsfilosofie" met Christelike opvoeding bedoel, laat ek daar. Dit is egter tipies van die breedsprakige manier waarop daar betoog word. *Wanneer 'n mens dan ook die geleerde vernis waarmee die „Christelike eksistensiële opvoedingsfilosofie" van prof. Gunter bestryk is verwyder, staan jy met leë hande.*

Wat ook al die leemtes van die tradisionele C.N.O.-beginsel mag wees, ten opsigte van die prinsipiële uitgangspunt moet ontken word dat die doel en strewe ooit iets anders was as om die kind op die lewende Christus te rig — dat dit vanuit 'n bepaalde tradisie en op grond van 'n bepaalde beskouing plaasvind, is nie net onontbeerlik nie, maar noodsaaklik. Die vraag is net waar die betrokke tradisie, beskouing of filosofie veranker is. Wie die vernuwing wat altyd *nodig* en daarom *welkom* is gaan soek in 'n sintese van eksistensiefilosofie en Christelike geloof — al is dit die eksistensiefilosofie van een van die sg. Christelik eksistensialiste — mag wel die applous van die „handjievol egte pedagogiekers" ontvang (kyk die resensie van prof. Oberholzer) maar sekerlik nie die waardering van die breë lae van ons onderwysmanne en -vroue, en ons volk nie.

Pretoria. H. C. Castelyn.

2) Hierdie uitdrukking van prof. Gunter, nl. „die Woord wat *gebeur*" wys duidelik op die dialektiese grondslag van sy teologiese beskouings.